Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

# Regverdigheid

*Lees die tekste stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

Elke huishouding moet reëls hê. Dit bepaal sekuriteit en geluk binne 'n familie. Reëls moet konsekwent en regverdig toegepas word, terwyl daar ook vir berou en vergifnis ruimte gelaat moet word.

-Praat met mekaar oor waar jy al gesien of gehoor het hoe iemand anders onregverdig deur mense behandel word.

-Wil jy dalk iets deel van hoe jy al ervaar het dat daar onregverdig teenoor jou opgetree is? Hoe het jy dit ervaar? Het jy dit al sinvol verwerk?

-En wat van jou? Het jy al onregverdig teenoor iemand opgetree? Teenoor jou man/vrou of kind? En wat het jy gedoen toe jy besef dat jy onregverdig was?

-Watse rol speel versoening in regverdigheid?

Lees Romeine 2:1-10. Wat leer jy hieruit oor die regverdigheid van God?

Gesels verder oor God se regverdigheid na aanleiding van Romeine 2:11 en Matteus 19:30-20:16

Lees Matteus 7:1-5. Is ons almal maar nie geneig om presies so op te tree nie? Maar elkeen van ons is volmaak. Behoort ons nie juis daarom meer geduldig met die onvolmaaktheid van ander te hê nie?

Lees ook Johannes 8:1-11. Fokus op vers 7b. Hoe kan dit jou help met vergifnis?

Wat tref jou in Kolossense 3:5-17 wat handel oor die ou en nuwe lewe? Wat sien jy hier oor die rol van regverdigheid in ons lewens?